11 September **Skrifgedeelte: Spreuke 25:1-26:12**
Fokusgedeelte: Spreuke 1:32b

Die vernietiging van ‘n dwaas

Selfversekerdheid is om só seker te wees dat jy nie twyfel aan jou sukses nie. Só lyk dwase mense se geestelik lewe (vers 32b). Hulle is arrogant, verwaand, aanmatigend. Daarom sê God: "Die dwase word vernietig deur hulle selfversekerdheid*”* (Spr 1:32b). Die Hebreeus vir *selfversekerdheid* beteken “rus geniet”, met dié bygedagte, “valse rus”. Dit grens aan selfvoldoening of selfvoldaanheid. Om geestelik só te wees, is dodelik. Die dwase is só selfversekerd dat hulle nie eens die moeite doen om na God te luister nie (Spr 1:23-24). Onbekommerd en onbesorgd oor hulle ewige wel en wee geniet hulle hulle eie doen en late. Oortuig dat niks met hulle sal gebeur nie, is hulle vrolik van die lekker van die lewe. Maar hulle dra hulle ondergang met hulle saam. Wanneer God se oordeel hulle tref, sal dit blyk dat hulle nie slagoffers is van 'n wrede noodlot nie, maar dat hulle bewerkers van hulle eie ondergang is (Spr 16:22; Spr 19:3). God sal elke selfvoldane en verwaande mens wat hom teen God verhef en sy Woord ignoreer, doodseker oordeel met die ewige straf. Elkeen wat onversetlik in die kwaad bly voortlewe, sal deur God vernietig word. Letterlik staan daar, God sal hulle “ruïneer”. Ná God se oordeel sal daar net ruïnes agterbly. God waarsku jou oor jou gerustheid (Jer 22:21). Hy wys op die gevolge daarvan om op die verkeerde pad te beland (Spr 19:3). Jou lekker lewe hou alreeds die oordeel van God in (Jak 5:5).

Sing: Psalm 76:4 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)